**Dinsdag 23 Julie**

| Skrifgedeelte: Johannes 14:1-7, 25-31 | Fokusgedeelte: Johannes 14:1, 2, 6, 26-27 |
|---|---|

**God se oplossing vir ontsteltenisse**

Wat ontstel jou? Is jy dalk onregverdig behandel? Is jy afgekraak? Is jy deur molestering en verkragting? Is jy gekaap en besteel? Is jy deur jou vriend of vriendin om die bos gelei? Was jou geliefde of jyself ontrou? Is jy die slagoffer van verslawing? Word jy teleurgestel deur jou pa en ma, deur jou seun of dogter, deur jou huweliksmaat? Is tyd altyd te min vir mekaar? Voel jy die naaste aan jou het jou onherstelbaar seergemaak, of jy maak hulle die seerste? Is jou drome verongeluk?

Die Here sê vir jou: “Ek weet dit roer hier in jou.” “Ek weet jy is emosioneel en geestelik uitgeput en omgekrap. Moet jou nie so onstel nie. Ek gee nou ‘n handvol oplossings vir jou.”

Jesus sê: “Kom, hou net aan om te glo, ek sal jou ontsteltenis en jou twyfel wegneem, hou net aan glo in my Vader en in My.” Jesus sê: “Ek het klaar vir jou ‘n plek in die hemel by God die Vader gereedgemaak. Jy hoef nie in spanning daaroor te leef nie. Staan op en lewe jou lewe vir my.” Jesus sê: “Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Loop net mooi agter my aan in my voetspore.”

Jesus sê: “Die Heilige Gees is vir jou gegee om in jou te woon en jou te lei. Raak jy net rustig en laat die Heilige Gees oorvat.” Jesus sê: “Ek gee my vrede vir jou. Ek het die ergste deurgemaak en nou sal jy enigiets wat jou ontstel, kan verwerk, jy sal vrede kry, my vrede. Jou ontsteltenis sal nou weggaan en jy sal vrede kry, tevrede wees.”

*Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2*

*Ds. J van Schaik (Joop) (Randburg)*